Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin

# Die Fontein
Weekblad

24 Mei 2026

*Ligdraers in die wêreld – wat Christus aanbid, Hom bely, vir Hom getuig en in liefde ander dien!*

## Nagmaalserediens - 08:30
## Ds. Pieter Kurpershoek

Oggend: ***Sit jou hoop op die genade wat kom!***
Skriflesing: *1 Petrus 1:13-25*

## Aanderediens - 18:30

Aand: ***Die Gees maak ons lief***
Skriflesing: Handelinge 1:1-8, 2:1-21; 1 Korintiërs 9:19-23

*Klik hier vir die volledige liturgie.*

## Kollektes

Banke: *Diakonale sorg*
Deure: *GK Annlin Evangelisasie (Disciples Go Ministries)*

## Teeskink

Geen vanweë gemeente-ete.

## Lief en leed: *Verjaarsdae*

| | | | |
|---|---|---|---|
| Louis | Bezuidenhout | *13* | ***24 Mei*** |
| Jan | Coetzee | *20* | ***24 Mei*** |
| Henk | Du Plessis | *05* | ***25 Mei*** |
| Uli | Van der Westhuizen | *06* | ***25 Mei*** |
| Kitty | Nel | *19* | ***25 Mei*** |
| Susan | Kruger | *21* | ***25 Mei*** |
| James | McCarthy | *16* | ***26 Mei*** |
| Leonie | Klomp | *15* | ***28 Mei*** |
| Suneria | Esterhuizen | *14* | ***29 Mei*** |
| Heleen | Van Wyk | *16* | ***29 Mei*** |
| Andre | Beetge | *20* | ***30 Mei*** |
| Annatjie | Myburg | *31* | ***30 Mei*** |

## Gemeente-ete

Almal word hartlik genooi om vanoggend na die viering van die Nagmaal, saam te kom deel aan die Gemeente-ete in die saal! Onthou om jou eie eetgerei, drinkgoed en poeding bakkies saam te bring.

## Damesoggend

***22 Augustus 2026.***
*Klik op hierdie skakel vir meer inligting!*

## Gebeure vir die week

| | | |
|---|---|---|
| So. 24 Mei | *08:30* | Nagmaalserediens / *Kerkgebou* |
| | *11:00* | Gemeente-ete / *Kerksaal* |
| | *18:30* | Erediens / *Kerkgebou* |
| Ma. 25 Mei | *19:00* | Bybelstudie: G-roep / *Koffiekroeg* |
| Di. 26 Mei | *10:00* | Speletjies / *Kerksaal* |
| | *18:30* | Bybelstudie: Laerskool / *Zoom* |
| Wo. 27 Mei | *10:00* | Nagmaal / *Zambezi Aftreeoord* |
| | *18:30* | Vergadering: Bediening / *Konsistorie* |

## Moot-kampe

- ***Moot-lite kamp*** *(gr. 5-9): 28 Junie - 3 Julie 2026*
- ***Mootkamp*** *(gr. 10-12): 12-18 Julie 2026*

*Die Jeugbediening is bereid om die helfte van die kostes te dra indien daar kinders is wat belangstel om een van die kampe by te woon. Skakel vir* ***Thomas Venter*** *as jy belangstel.*

## Lief en leed: *Siekes*

Graag bid ons vir:
- Elkeen van ons lidmate wat op langtermyn fisies en emosioneel met hul gesondheid worstel.
- Br. Hakkie Schutte (W32) wat tuis herstel en vir verdere behandeling gaan.
- Sr. Marianne Janse van Rensburg (W26) wie se gesondheid nie goed is nie.
- Sr. Anelda Coetzee (W42) wie se gesondheid nie goed is nie.
- Sr. Annatjie Myburg (W31) wat vir verdere behandeling gaan.

## Die Woord aan die Woord - Konferensie

**Tema**: Hoe werk God in ons?
**Wanneer**: 5-7 Junie 2026
**Waar**: GK Daspoort, Jenningstaat 728
**Registreer**: gkdaspoort.co.za/konferensie voor 31 Mei.
(Registrasie is gratis)

## President Kruger Kinderhuise

*Ons gemeentes het oor die jare 'n groot oop hart vir die President Kruger Kinderhuise, wat ons kerkverband se verantwoordelikheid is. Ons doen 'n beroep op lidmate wat so geroepe voel, om 'n bydrae tot die fondse vir die Kruger Kinderhuise te maak. U kan u vrywillige bydraes oorbetaal in:* ***Susters Gereformeerde Kerk Kameeldrift, ABSA*** *rek.* ***1430 810 088*** *met verwysing:* ***Kinderhuisdonasie/Annlin****. As jy meer wil weet, klik op hierdie skakel.*

**Bankbesonderhede:**
***ABSA (Tjek) Tak: 632 005***
**Kerkkas:** 5260 14 2994
**Susters:** 903 401 58
**Diakonie:** 5260 14 5756
**EVK:** 4062 94 3741

***Blaai om vir meer nuus ...***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Predikant** | Pieter Kurpershoek | **Tel** 012 543 1095 | **Sel** 083 641 6466 | **E-pos** pwk@axxess.co.za |
| **Kerkkantoor** | Clarissa Rehder | **Tel** 012 567 1492 | **Sel** 079 162 3453 | **E-pos** kerkkantoor@annlin.co.za |
| **Webwerf** | www.annlin.co.za | | **Facebook** Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin | |
| **Erediensopname** | *Kerkdienstgemist (Klank)* | *YouTube (Beeld en klank)* | | |

Gereformeerde Kerk Pretoria Annlin

Die Fontein
Weekblad

24 Mei 2026

*Ligdraers in die wêreld – wat Christus aanbid, Hom bely, vir Hom getuig en in liefde ander dien!*

## Die Fontein Maandblad - Mei 2026

*Liewe maandblad-leser,*
*Het jy dalk agtergekom dat jou blokkiesraaisel bietjie leeg lyk? Ons wil graag om verskoning vra vir die oorsig van een artikel wat ons gemis het in die Mei uitgawe van Die Fontein Maandblad. Daarom wil ons graag die artikel van prof. Flip Buys met die titel "Jesus stuur ons die wêreld in" sommer in die weekblad uitstuur, sodat julle nie net die blokkiesraaisel kan voltooi nie, maar ook verryk word deur hierdie toerusingsartikel. Lekker lees (en invul)!*

## Jesus stuur ons die wêreld in om deel van Sy plan te wees

Prof. Flip Buys

***Johannes 20: 20-21:***
***"En nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle sy hande en sy sy. Die dissipels was verheug toe hulle die Here sien. Jesus sê toe weer vir hulle: "Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."***

Die heel eerste aand van die dag van sy opstanding uit die dood gee Jesus hierdie opdrag. Die kerk kan nie maar passief sit en wag vir sy wederkoms nie. Hy maak elke gemeente deel van sy verlossingsplan. Met hierdie woorde sê Hy: ***"My broers en susters, Ek is hier om julle hartseer te verander in vreugde. Maar, nou maak ek van julle almal sendelinge."***

***Soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle ook.***

- Party sal geroep word om landsgrense en kultuurgrense oor te steek om die goeie nuus van God se groot toekoms en die onstuitbare koms van sy koninkryk te gaan verkondig. Hulle moet in ander lande nuwe gemeentes gaan stig.
- Ander word geroep om die straat oor te steek en vir ongelowige bure die goeie nuus te gaan vertel.
- Dalk stuur die Here jou daar by jou werk om die gang oor te steek en met bewoë liefde vir 'n kollega by die werk, wat deur 'n krisis gaan, hoop te gaan gee.
- Dalk stuur die Here uit die gemeente mense om 'n onbereikte teiken groep in hulle eie omgewing te identifiseer en daar 'n nuwe (dalk multikulturele) gemeente te gaan vestig.

Jesus se woorde maak dit duidelik ... In God se koninkryk is daar net twee moontlikhede:

- Jy is of 'n sendeling ...
- ... of nog 'n sendingveld.

Daar is nie iets tussen in nie.

'n Kerk wat nie 'n passie het om die goeie nuus, die evangelie van God se genade en ook die onafwendbare, besliste en skrikwekkende finale oordeel van God te verkondig nie, is gewoon ongehoorsaam. Hulle word 'n sterwende kerk. Wanneer Jesus hier sê: "***Soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle***", dan hou dit ook in dat ons met woorde en met dade, met voorbeeld een met gesindhede wat ons uitstraal, sy gestuurdes in die wêreld is.

Maartin Luther het gesê: " *'n Nuwe Testamentiese kerk het nie priesters nodig nie, want ons is nou almal God se koninkryk van priesters."*

*Jesus maak nou van jou sy hande en voete, sy stem en sy bewoë hart. Ons taak is om hoop, genesing en troos te bring waar daar donkerte en wanhoop is.*